



## Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	<del>c</del>	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	<del>b</del>	<del>c</del>	d
----	---	--------------	--------------	---

Lees die teks en kies die antwoorde vir vrae 1 – 17.

- In die titel 'Kirsten se Dakar is 'n (een) vir vroue in Afrika', is die korrekte vorm (rangtelwoord) van 'een', .....**  
(a) eenste. (b) eerste. (c) eente. (d) erste.
- Kies die stelling wat nie korrek is nie.**  
(a) Kirsten is 'n vrou.  
(b) Kirsten hou van motorfietse.  
(c) Kirsten het die Dakar-ren gewen.  
(d) Kirsten ry al lank motorfiets.
- Watter woord in paragraaf een sê dat Kirsten by die dood omgedraai het?**  
(a) amper (b) ongeluk (c) dood (d) maak
- Kirsten maak geskiedenis, want .....**  
(a) sy is 'n vrou uit Afrika.  
(b) sy neem internasionaal deel aan motorfietsrenne.  
(c) geen ander vrou uit Afrika het al aan die Dakar-ren deelgeneem nie.  
(d) geen ander vrou uit Afrika het al in die Dakar-ren op 'n motorfiets meegeding nie.
- Waar woon Kirsten tans?**  
(a) Johannesburg (b) Durban (c) Dakar (d) Marokko
- Een woord wat vir ons sê dat Kirsten as kind omring was deur motorfietse, is .....**  
(a) motorfietstydren. (b) motorfiets-ongeluk.  
(c) motorfietse. (d) veldfiets.
- Die korrekte spelling vir die getal '21' is .....**  
(a) twee en twintag. (b) twee en twintig.  
(c) twee en twintig. (d) two en twintig.
- Die afkorting 'km', volledig geskryf en korrek gespel, is .....**  
(a) kilometer. (b) kilometre.  
(c) kilemetro. (d) kilometres.
- Waar het die ren plaasgevind waartydens Kirsten tot die Dakar-ren van 2020 deurgedring het?**  
(a) Die dak van Afrika (b) Lesotho  
(c) Botswana (d) Marokko
- Twee redes waarom Kirsten vir die Dakar-ren gekwalifiseer het:**  
(a) Sy het nie foute gemaak nie en sy wen 'n wêreldwye kompetisie.  
(b) Sy het net 'n paar foute gemaak en dit was 'n internasionale kompetisie.  
(c) Sy het geen foute gemaak nie en dit was 'n nasionale kompetisie.  
(d) Sy het foutloos gery en dit was 'n plaaslike ren.


### Kirsten se Dakar is 'n (een) vir vroue in Afrika

Kirsten is amper in 2013 in 'n motorfiets-ongeluk dood, maar hierdie vreeslose vrou maak geskiedenis! Sy was 'n Johannesburger, maar woon al die laaste 3 jaar in Durban.



#### Hoekom maak sy geskiedenis?

Kirsten Landman (28) gaan die (een) vrou van Afrika wees wat aan die Dakar-ren in die motorfietsafdeling deelneem. "Ek het grootgeword in 'n motorfiets-gesin. Ek het op 'n veldfiets begin ry toe ek 8 jaar oud was. Toe ek 14 word, het ek my (een) motorfiets gekry. Op 22 het ek aan my (een) internasionale kompetisie deelgeneem."



Landman het in April 2019 vir die Dakar-ren gekwalifiseer toe sy die vroue-afdeling tydens in Marokko gewen het. Die tydren was oor 5 dae en Landman het 1200 km afgelê. Sy het outomaties vir die Dakar gekwalifiseer omdat dit 'n internasionale ren was en omdat sy geen strafpunte (penalties) gekry het nie. Sy is gewoonnd daaraan om die enigste vrou wat tussen die mans deelneem, te wees.

"Daar is nie altyd genoeg vrouejaers om in van die kompetisies deel te neem nie."

Sy het kompetisies soos *Redbull Romaniacs*, *Redbull Sea to Sky*, *Redbull Braveman* en die *Roof of Africa* voltooi.

Haar (een) internasionale kompetisie was *Redbull Romaniacs* waar sy 47ste uit 160 jaers gekom het. Sy was die (een) vrou oor die wenstreep!

Landman sê die *Roof of Africa*-motorfietsren van 2016 in Lesotho is een van haar hoogtepunte.

"Dit was my (een) keer dat ek in die goue afdeling meegeding het. Ek het geskiedenis gemaak deur die (een) vrou in 50 jaar te wees wat aan die ren deelneem en dit voltooi het sonder enige hulp. In 2014 en 2015 het ek ook aan dié motorfietsren deelgeneem.

Landman het ook nasionale kleure in motorsport.

In 2017 het sy weer aan die Botswana 1000-woestynren deelgeneem wat in 2013 haar byna haar lewe gekos het.

"Daar is baie mense wat nie 'n (twee) kans kry nie. Ek het besluit om weer op my motorfiets te klim. Ek is dankbaar vir my lewe en gee altyd my beste. Vir my om aan die Dakar-ren deel te neem is ook om my vrese te oorkom."

Buiten haar liefde vir die buitelewe, het Landman ook 'n sagte plek vir diere. Sy het 4 honde waarvoor sy baie lief is en het ook die S.A.M.-stigting begin om mense te leer van diere.

Die Dakar-ren vind in Januarie 2020 in Saoedi-Arabië plaas. Landman moet 9 000 km oor 12 dae op dieselfde motorfiets aflê en mag die enjin net een keer vervang (replace).

(verwerk uit Beeld 24 Jun, 2019 Raymond Willemsse)  
<https://www.pressreader.com/>



11. As iemand gewoon is aan iets, beteken dit die gebeure vind ..... plaas.  
 (a) soms (b) dikwels (c) nooit (d) af en toe
12. Iemand wat 'n motorfietsjaer is, is iemand wat met motorfiets .....  
 (a) jag. (b) jaar. (c) jaag. (d) jar.
13. Tydens watter motorfietsren het Kirsten lelik seergekry?  
 (a) Botswana 1000-woestynren (b) Roof of Africa-motorfietsren  
 (c) Redbull Romaniac (d) Redbull Sea to Sky



14. Die versamelnaam vir 'n 'klomp motors' is 'n .....

(a) toet. (b) stoet.  
 (c) vloot. (d) eskader.

15. Na Kirsten se ongeluk was sy ..... om weer motorfiets te ry.

(a) vasberade (b) versukkeld  
 (c) bevrees (d) traag

16. Hoe sal jy ontkenend (*negatief*) op die volgende vraag reageer? 'Het jy al ooit die Dakar-ren voltooi?'

(a) Nee, jy het nog nooit die Dakar-ren voltooi nie.  
 (b) Nee, ek het al nooit die Dakar-ren voltooi nie.  
 (c) Nee, het ek nog nooit die Dakar-ren voltooi.  
 (d) Nee, ek het nog nooit die Dakar-ren voltooi nie.

17. Kies die antwoord om die vergelyking te voltooi: 'Vrouens in die Dakar-ren is so skaars soos .....

(a) muise. (b) leeus.  
 (c) renosterhorings. (d) hoendertande.



Kies die korrekte voegwoord om die sinne in vraag 18 – 20 korrek (na aanleiding van die teks) te voltooi.

(a) nadat (b) aangesien (c) dus (d) voordat

18. Kirsten is 'n diereliefhebber, ..... het sy vier honde.
19. .... Kirsten 'n passie vir motorfiets het, neem sy aan verskeie motorfietsrenne deel.
20. Kirsten het veldfiets gery ..... sy haar eie motorfiets gekry het.



21. 'n Woestyn is baie warm. Die korrekte intensiewe vorm van 'warm' is .....

(a) sonwarm. (b) somerwarm.  
 (c) vuurwarm. (d) brandwarm.

22. Een woord uit die teks wat dieselfde beteken as 'sonder vrees', is .....

(a) verse. (b) vreeslose.  
 (c) bevrees. (d) vreeslik.

Lees die teks en kies die korrekte antwoorde vir vrae 23 – 29.

23. 'n Geskikte opskrif vir hierdie teks is:

(a) Plastiek maak dood!  
 (b) Plastiek is niemand se probleem nie.  
 (c) Help so om plastiekbesoedeling te stop.  
 (d) Plastiek sal oorneem.

24. 'n Woord met dieselfde betekenis (sinoniem) as 'enorme' is .....

(a) grootte. (b) groot. (c) grot. (d) grotte.

25. Die korrekte verkleinwoord van die woord 'probleem' is .....

(a) probleemtjie.  
 (b) probleemjie.  
 (c) probleemkie.  
 (d) probleempie.



Suid-Afrika en die hele wêreld sit met een **enorme** probleem: plastiekbesoedeling. Daar sal teen 2050 waarskynlik meer plastiek as visse in die see wees. Dit is tyd dat **ieder en elk** begin saamwerk om die krisis te probeer voorkom. Ons moet minder plastiek gebruik en dit wat ons gebruik, herwin!

#### Eko-bakstene

Eko-bakstene kan dalk een van die groot antwoorde op die wêreld se plastiekkrisis wees. Die bou en gebruik van eko-bakstene in Suid-Afrika word gewild. Verskeie besighede, skole en nie-regeringsorganisasies gebruik koeldrankbottels, volgepak met nie-herwinbare plastiek, om meubels, muurtjies en selfs geboue te bou.

(<https://www.glittermag.co.za/nuutste-uitgawe/fokus-op>)